


# 02 Afganistan



**“Een van my kinders was gestremd en kon nie loop nie. Toe ek die Nuwe Testament na my huis bring, het my dogter begin beweeg. Ek het die Bybel begin lees en sy het begin loop!”**  
– Saif\*, 'n geheime gelowige

<b>Streek</b>	Suid-Asië
<b>Christen bevolking</b>	Minder as 1%
<b>Meerderheidsgeloof</b>	Islam
<b>Bron van vervolging</b>	Islamitiese onderdrukking



## Oor Afganistan

Islam word gesien as deel van die Afgaanse identiteit, wat dit onwettig maak vir 'n Afgaanse persoon om dié godsdiens te verlaat en is gelykstaande aan die verwerping van families en gemeenskappe. Bekeerlinge wat geïdentifiseer word, kan na 'n psigiatriese hospitaal gestuur word – hul gesinne glo dat geen verstandige persoon Islam sal verlaat nie. Hulle word deur familieledede of ekstremistiese Islamitiese groepe geslaan of vermoor.



## Ons Werk

Bid vir geïsoleerde gelowiges in Afganistan, wat dikwels totaal afgesluit is van enige ander Christene, dat die Here vir hulle vrede sal gee te midde van vrees en vervolging.

---

Geopende Deure, met plaaslike kerke en ander bedieningsgroepe ondersteun die Kerk in Afganistan deur geletterdheidsopleiding, beroepsprojekte, noodleniging aan slagoffers van gewelddadige vervolging, vrouebediening, Bybel-geletterdheid, pastorale opleiding en traumaberading.

[www.opendoors.org.za/afr/wwl](http://www.opendoors.org.za/afr/wwl)



**Geopende Deure**